

B U I T E N G E W O N E

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTEEXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c

Vrydag 6 Oktober 1972

WINDHOEK

Friday 6 October 1972

No. 3281

INHOUD**CONTENTS**

Bladsy/Page

GOEWERMENSKENNISGEWING:**GOVERNMENT NOTICE:**

No. 162 Algemene Gesondheidsregulasies: Wysiging

General Health Regulations: Amendment 1005

Goewermentskennisgewing.**Government Notice.**

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Government Notice is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Acting Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 162.]

[6 Oktober 1972.

**ALGEMENE GESONDHEIDSREGULASIES:
WYSIGING.**

Kennisgewing geskied hierby ingevolge artikel 138 van die Volksgezondheidswet 1919 (Wet 36 van 1919) soos gewysig en toegepas op die Gebied by die Publieke Gezondheidsproklamasie 1920 (Proklamasie 36 van 1920) dat die Uitvoerende Komitee voornemens is om kragtens en ingevolge die bepalings van artikels 36, 112, 115, 116, 132 en 157, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 121 van 14 Oktober 1969 soos gewysig by Goewermentskennisgewing 139 van 5 Oktober 1970, verder soos volg te wysig:

Enigiemand wat kritiek teen die beoogde wysigings wil indien, word hierby ingevolge artikel 138 van die voormelde „Volksgezondheidswet 1919”, uitgenooi en aangesê om sodanige kritiek aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika, Windhoek, te rig binne 'n tydperk van 3 maande vanaf die datum van afkondiging van hierdie kennisgewing.

1. Regulasie 1 word hierby gewysig —

(a) deur die woordskrywing van „belug” deur die volgende woordskrywing te vervang:

„belug” in verband met enige gebou dat sodanige gebou geventileer word om 'n doeltreffende deurtrek of kruisbelugting te bewerkstellig in ooreenstemming met die vereistes van

No. 162.]

[6 October 1972.

**GENERAL HEALTH REGULATIONS:
AMENDMENT**

Notice is hereby given in terms of section 138 of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919) as amended and applied to the Territory by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation 36 of 1920) that the Executive Committee under and by virtue of the provisions of sections 36, 112, 115, 116, 132 and 157, intends further to amend the regulations promulgated under Government Notice 121 of 14 October 1969, as amended by Government Notice 139 of 5 October 1970, as follows:

Any person who wishes to submit criticism of the proposed amendments is hereby invited and requested in terms of section 138 of the said Public Health Act, 1919 to submit such criticism to the Secretary for South West Africa, Windhoek, within a period of three months from the date of publication of this notice.

1. Regulation 1 is hereby amended by —

(a) the insertion after the definition of “Director” of the following definitions:

“food preparing premises” means premises where any foodstuffs are prepared for the exclusive purpose of consumptions or sale thereof at another place or on other premises;

Hoofstuk 13 van die Standaardbouregulasies van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde soos afgekondig by Goewermentskennisgewing R1830 van 23 Oktober 1970”;

- (b) deur die woordskrywing van „gesondheidsbeampte” deur die volgende woordskrywing te vervang:

„„gesondheidsbeampte” die geneeskundige gesondheidsbeampte of die gesondheidsinspekteur van die plaaslike owerheid, as sodanig deur die plaaslike owerheid gemagtig: Met dien verstande dat ten opsigte van ’n gebied waar die landdros optree as plaaslike owerheid en in ’n geval van ’n plaaslike owerheid sonder gesondheidsbeampte, die Direkteur geag word die gesondheidsbeampte van sodanige gebied of plaaslike owerheid te wees”;

- (c) deur die volgende woordskrywing na die woordskrywing van „karkas” in te voeg:

„Kilometergeld” met betrekking tot —

- (a) ’n rit afgelê deur die Direkteur, ’n tarief per kilometer soos neergelê deur die Direkteur, bereken van en terug na die landdroskantoor, Bantoesakekommissariskantoor of polisiestatie wat die naaste geleë is aan die besigheidsperseel waarvoor ’n geskikheidsertifikaat aangevra is;

- (b) ’n rit afgelê deur die gesondheidsbeampte van ’n plaaslike owerheid, ’n tarief per kilometer op ’n basis soos bepaal, en volgens ’n tarief soos neergelê, deur die betrokke plaaslike owerheid”;

- (d) deur die woordskrywing van „mylgelde” te skrap;

- (e) deur die woordskrywing van „restaurant” deur die volgende woordskrywing te vervang:

„„restaurant” ’n perseel waar enige voedingsmiddel voorberei en teen vergoeding aan die publiek aangebied word hetsy vir verbruik op, of weg van sodanige perseel, en waar akkommodasie vir hierdie doel voorsien word, en sluit ook in ’n „voedselvoorbereidingsperseel””;

- (f) deur die woordskrywing van „stadsklerk” deur die volgende woordskrywing te vervang:

„„stadsklerk” die administratiewe hoofampenaar van ’n plaaslike owerheid”;

- (g) deur na die woordskrywing van „voedingsmiddel” die volgende woordskrywing in te voeg:

„„voedselbereidingsperseel” ’n perseel waar enige voedingsmiddels voorberei word met die uitsluitlike doel om dit op ’n ander plek of perseel te verbruik of te verkoop”;

- (h) deur die woordskrywing van „verlig” deur die volgende woordskrywing te vervang:

„„verlig” in verband met enige gebou dat sodanige gebou doeltreffend verlig word in ooreenstemming met die vereistes van Hoofstuk 11 van die Standaardbouregulasies van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde soos afgekondig by Goewermentskennisgewing R1830 van 23 Oktober 1970;”

2. Regulasies 13 (10) word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

„Met dien verstande dat sodanige gemakshuise voorsien moet word voordat aldus begin word met die oprigting van enige gebou of ander werk.”

3. Die volgende regulasie word na regulasie 26 ingevoeg:

„26A. Niemand mag ’n dier, uitgesonderd ’n huisdier of voël of ’n dier bedoel in die woordskry-

- (b) the substitution for the definition of “health officer” of the following definition:

“health officer” means the medical officer of health or the health inspector of a local authority authorised thereto as such by the local authority: Provided that in the case of an area where the magistrate acts as local authority and in the case of a local authority without a health officer, the Director shall be deemed to be the health officer for such area or local authority;

- (c) the insertion after the definition of hotel of the following definition: —

“kilometre fee”: in regard to: —

- (a) a trip covered by the Director, means a tariff per kilometre as laid down by the Director, calculated from and back to the Magistrate’s office, Bantu Affairs Commissioner’s office or Police station, which ever is situated nearest to the business premises in respect of which a certificate of fitness has been applied for;

- (b) a trip covered by the health officer of a local authority, means a tariff per kilometre on a basis as determined and according to a tariff as laid down by the local authority concerned;

- (d) the substitution for the definition of “lighted” of the following definition:

“lighted” in relation to any building means that such building is properly lighted in accordance with the requirements of chapter 11 of the Standard Building Regulations of the South African Bureau of Standards as promulgated under Government Notice R 1830 of 23 October 1970;

- (e) the deletion of the definition of “mileage”;

- (f) the substitution for the definition of “restaurant” of the following definition:

“restaurant” means premises where any food-stuffs are prepared and offered for sale to the public, either for consumption on or away from such premises, and where accommodation is provided for this purpose, and includes any “food preparing premises”,

- (g) the substitution for the definition of “town clerk” of the following definition:

“town clerk” means the administrative chief officer of a local authority.”

- (h) the substitution for the definition of “ventilate” of the following definition:

“ventilate” in relation to any building means that such building is ventilated to permit an effective draught through draught or cross-ventilation in accordance with the requirements of chapter 13 of the Standard Building Regulations of the South African Bureau of Standards as promulgated under Government Notice R 1 830 of 23 October 1970;”

2. Regulation 13 (10) is hereby amended by the addition of the following proviso:

“Provided that such lavatory facilities shall be provided before starting the erection of any building or other works.”

3. The following regulation is inserted after regulation 26:

“26A. No person shall keep any animal excluding a domestic animal or bird or animal referred

wing van „dier” in die gebied van ’n stedelike plaaslike owerheid aanhou sonder die voorafverkreeë skriftelike magtiging van die Direkteur of gesondheidsbeampte na gelang nie.”

4. Regulasie 28 word hierby gewysig —

- (a) deur na subregulasie (2) die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

„Met dien verstande dat in sodanige geval, waar ’n bedieningsluik tussen ’n winkel en ’n slaghuis deur die Direkteur of gesondheidsbeampte, na gelang, goedgekeur is, hy vrystelling kan verleen van die vereiste ten opsigte van die voorsiening van ’n verkoopslokaal by sodanige slaghuis.”

- (b) deur na subregulasie (10) die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

„Met dien verstande dat die Direkteur of gesondheidsbeampte, na gelang, op die voorwaardes wat hy nodig en dienstig ag, ’n verbinding tussen ’n slaghuis en ’n ander besigheidsperseel deur middel van ’n bedieningsluik kan goedkeur, indien sodanige verbinding nie die slagtersvleis in die slaghuis en die bedryf van die slaghuis as sodanig nadelig affekteer nie.”

5. Regulasie 32 word hierby gewysig deur subregulasie (2) deur die volgende te vervang:

„(2) Niemand mag in ’n slaghuis enigiets behalwe slagtersvleis, vleisprodukte, vars of bevrore vis, suiwelprodukte, eiers en skoongemaakte pluimvee verkoop nie: Met dien verstande dat melk in watter vorm ook al slegs verkoop mag word in dieselfde verseelde houer waarin dit aan die slaghuis afgelewer is.”

6. Regulasie 33 word hierby gewysig deur subregulasie (1) deur die volgende te vervang:

„(1) (a) Alleenlik slagtersvleis en skoongemaakte pluimvee wat in ’n goedgekeurde slagplaas geslag en met ’n goedgekeurde stempel gemerk of gestempel is, mag as vleis in ’n slaghuis neergesit, gehou, berei, uitgestal of verkoop word.

(b) Ongestempelde slagtersvleis wat in ’n slaghuis neergesit, gehou, berei, uitgestal of verkoop word, word geag vleis te wees wat nie in ’n goedgekeurde slagplaas geslag is nie.

(c) Ongeag enige andersluidende bepalings van hierdie regulasies kan die Direkteur of gesondheidsbeampte, na gelang, ten opsigte van die verkoop van wildsvleis in ’n slaghuis, vrystelling verleen van die vereiste dat sodanige wildsvleis in ’n goedgekeurde slagplaas geslag en met ’n goedgekeurde stempel gemerk of gestempel moet word. By die verlening van sodanige vrystelling kan die Direkteur of gesondheidsbeampte, na gelang, egter enige vereiste of voorwaarde stel of bepaling of beperking op lê, wat hy nodig en dienstig ag ter beskerming van die openbare gesondheid.”

7. Regulasie 37 word hierby gewysig deur die volgende subregulasie by te voeg:

„(2) Ongeag enige andersluidende bepalings van hierdie regulasies maar behoudens die bepalings van regulasie 39A, kan die Direkteur of gesondheidsbeampte, ten opsigte van die invoer van enige wildsvleis in die gebied van ’n stedelike plaaslike owerheid, enige vereiste of voorwaarde stel of bepaling of beperking op lê wat hy nodig en dienstig ag ter beskerming van die openbare gesondheid.”

8. Regulasie 38A word hierby gewysig deur in subregulasie (1) (d) die woorde „soos deur die Direkteur bepaal”, na die woorde „... binne redelike afstand” in te voeg.

9. Die volgende opskrif en regulasie word hierby na regulasie 38A ingevoeg:

to in the definition of “animal”, in the area of an urban local authority without the prior written authority of the Director or health officer, as the case may be”.

4. Regulation 28 is hereby amended by —

- (a) the addition to subregulation (2) of the following proviso: —

“Provided that in such a case where a service hatch between a shop or butchery has been approved by the Director or health officer, as the case may be, he may grant exemption from the requirement in respect of the provision of a sales department in such butchery”;

- (b) the addition to subregulation (10) of the following proviso:

“Provided that the Director or health officer, as the case may be, may approve a communication between a butchery and another business premises by means of a service hatch on such conditions as he deems necessary and advisable should such communication not detrimentally affect the butcher’s meat or management of the butchery as such.”

5. Regulation 32 is hereby amended by the substitution for subregulation (2) of the following:

“(2) No person may sell in a butchery any thing except butcher’s meat, meat products, fresh or frozen fish, dairy produce eggs and dressed poultry: Provided that milk in any form whatsoever may only be sold in the same sealed container in which it was delivered to the butchery.”

6. Regulation 33 is hereby amended by the substitution for subregulation (1) of the following:

“(1) (a) Only butcher’s meat and dressed poultry which have been slaughtered in an approved abattoir and marked or stamped with an approved stamp may be placed, kept, prepared displayed or sold in a butchery.

(b) Unstamped butcher’s meat placed, kept, prepared, displayed or sold in a butchery shall be deemed to be meat which has not been slaughtered in an approved abattoir.

(c) Notwithstanding anything to the contrary contained in the provisions of these regulations, the Director or health officer as the case may be, may in respect of the sale of game meat in a butchery grant exemption from the requirement that such game meat shall be slaughtered in an approved abattoir and marked or stamped with an approved stamp. With the granting of such exemption the Director or health officer, as the case may be, may lay down any requirement or impose provisions or limitations as he deems necessary and advisable for the protection of the public health.”

7. Regulation 37 is hereby amended by the addition of the following subregulation:

“(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in the provisions of these regulations, but subject to the provisions of regulation 39A, the Director or health officer may, in respect of the importation of any game meat into the area of an urban local authority, lay down any requirement or condition or impose any provision or limitation he deems necessary and advisable for the protection of the public health.”

8. Subregulation (1) (d) of regulation 38A is hereby amended by the insertion after the words “... distance away”, of the words: “as determined by the Director.”

9. The following heading and regulation are hereby inserted after regulation 38A:

„BESKIKKING OOR AFGEKEURDE VLEIS BY SLAG-PLASE”

„38B(1) Die karkas van 'n dier wat by 'n slagplaas as ongeskik vir menslike gebruik afgekeur is, moet op die perseel van die slagplaas of op 'n perseel goedgekeur deur die Direkteur of gesondheidsbeampte, na gelang, vernietig word of op so 'n wyse oor beskik word dat dit nie die openbare gesondheid in gevaar stel nie.

(2) Iedereen wat die karkas van 'n dier wat by 'n slagplaas as ongeskik vir menslike gebruik afgekeur is, vir 'n ander doel as die vernietiging daarvan of die beskikking daarvoor ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (1), van sodanige slagplaasperseel verwyder of toelaat dat dit aldus verwyder word, is skuldig aan 'n misdryf.”

10. Regulasie 56 word hierby gewysig deur subregulasie (6) deur die volgende subregulasie te vervang:

„(6) toesien dat die uier en spene van 'n koei met skoon water en 'n goedgekeurde detergent gewas word voordat sodanige koei gemelk word en alle ander stappe doen wat nodig is om te voorkom dat melk deur mis of op enige ander wyse hoegenaamd, besmet word;”

11. Regulasie 63A word hierby gewysig —

(a) deur in subregulasie (1) (c) die woorde „fekale koli escherishia tipe I of”, voor die woorde „patogene organismes” in te voeg, en

(b) deur die volgende subregulasies by te voeg:

„(2) Ongeag enige andersluidende bepalings in subregulasie (1), kan —

(a) enige ander prosedure as die prosedure beskryf in Bylae B vir die bakteriologiese ontleding van melk gevolg word, mits sodanige prosedure deur die Direkteur goedgekeur is;

(b) enige ander metode vir die uitvoering van die fosfatase-toets as die in Bylae A beskryf gebruik word mits sodanige metode deur die Direkteur goedgekeur is.

(3) Die artikels of samestellings genoem in Bylae A of B of die artikels of samestellings wat in enige ander goedgekeurde prosedure of metode, bedoel in subregulasie (2) (a) of (b) gebruik word, se samestellingsgehalte, krag, sterkte, suiwerheid of gehalte, moet voldoen aan die voorskrifte van óf die *British Pharmacopoeia*, 1968-uitgawe, óf die *British Pharmaceutical Codex*, 1968-uitgawe, of enige byvoegsel daartoe, wat deur die *Pharmaceutical Society of Great Britain* uitgegee word.”

12. Die volgende regulasie word hierby na regulasie 68 ingevoeg:

„68A. Die verpakking, verdunning of hantering van enige vrugtesappe of koeldrank hetsy natuurlik of sinteties, op die perseel van 'n melkery of melkfabriek word verbied tensy daar aan die volgende vereistes voldoen word:

(1) Die lokaal of vertrek waarin die verdunning, verpakking of hantering van sodanige vrugtesappe of koeldrank geskied, moet heeltemal afgesonder wees en mag nie deur middel van 'n deur, venster of ander opening in verbinding wees met die gebou waarin melk gehanteer word nie.

(2) Geen apparaat of toerusting wat by die bereiding of hantering van melk gebruik word, mag gebruik word vir die bereiding of hantering van sodanige vrugtesappe of koeldrank nie.”

13. Regulasie 72 word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by subregulasie (1) in te voeg:

“DISPOSAL OF CONDEMNED MEAT AT ABATTOIRS”.

“38B. (1) The carcass of an animal which has been condemned at an abattoir as being unfit for human consumption, shall be destroyed on the site of the abattoir or on a site approved by the Director or health officer, as the case may be, and disposed of in such a manner that it will not endanger the public health.

(2) Any person who removes or permits the removal from the site of an abattoir of the carcass of an animal condemned at such abattoir as being unfit for human consumption, for any other purpose than the destruction or the disposal thereof in terms of the provisions of subregulation (1) shall be guilty of an offence.”

10. Regulation 56 is hereby amended by the substitution for subregulation (6) of the following subregulation:

“(6) ensure that the udder and teats of a cow are washed with clear water and an approved detergent before such cow is milked, and all other steps are taken which are necessary to prevent the milk from being contaminated by manure or in any other manner whatsoever;”

11. Regulation 63A is hereby amended by —

(a) the insertion in subregulation (1) (c) of the words “faecal coli, escherishia type I or”: before the words “pathogenic organisms” and

(b) the addition of the following subregulations:

“(2) Notwithstanding any contrary provisions in subregulation (1) —

(a) any procedure other than the procedure described in schedule B for the bacteriological analyses of milk may be followed provided such procedure is approved by the Director;

(b) any other method for the carrying out of the phosphatase test other than that described in Schedule A, may be used, provided that such method is approved by the Director.

(3) The composition potency, strength, purity or quality of the articles or compositions mentioned in schedules A or B or the articles or compositions which may be used in any other approved procedure or method as referred to in subregulation (2) (a) or (b) shall comply with the prescriptions of either the *British Pharmacopoeia*, 1968 edition, or the *British Pharmaceutical Codex*, 1968 edition, or any annexure thereto, issued by the *Pharmaceutical Society of Great Britain*.”

12. The following regulation is hereby inserted after regulation 68:

“68A. The packing, diluting or handling of any fruit juices or cool drinks, whether natural or synthetic, on the premises of a dairy or milk factory is prohibited unless the following requirements are complied with: —

(1) the room or apartment in which the diluting, packing or handling of such fruit juices or cool drinks is carried out, shall be completely isolated and shall not be in communication with the building in which milk is being prepared by means of a door, window or other opening.

(2) No apparatus or equipment which is used in the preparation or handling of milk shall be used for the preparation or handling of such fruit juices or cool drinks.”

13. Regulation 72 is hereby amended by the addition of the following proviso to subregulation (1):

„Met dien verstande dat die Direkteur of gesondheidsbeampte, na gelang, ten opsigte van 'n teekamer, op die vereistes en voorwaardes wat hy nodig en dienstig ag, vrystelling mag verleen van die voorsiening van 'n kombuis.”

14. Regulasie 72A word hierby deur die volgende regulasie vervang:

„72A. Nieteenstaande enige andersluidende bepalinge in hierdie regulasies word 'n eetsaal nie vereis nie ten opsigte van —

- (a) 'n padkafé of soortgelyke restaurant, verversings- of teekamer, waar die bediening van voedsel uitsluitlik na buite, deur 'n luik of oor 'n toonbank of in 'n motorvoertuig geskied;
- (b) 'n voedselvoorbereidingsperseel.”

15. Regulasie 78 word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by subregulasie (4) by te voeg:

„Met dien verstande dat die Direkteur of gesondheidsbeampte, na gelang, vrystelling van die bepalinge van hierdie subregulasie kan verleen indien die weglating van 'n plafon die aanhou van voedselware in die besigheid nie nadelig sal tref nie.”

16. Regulasie 112 word hierby gewysig deur paragraaf (d) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(d) enige gedeelte van enige agterplaas wat bedoel is om gebruik te word vir die opberging van tweede-handse goedere, moet vry van knaagdiers gehou word.”

17. Regulasie 118A word hierby gewysig deur die woorde „as 5 of meer persone daarby in diens gehou word” aan die einde van die woordomskriving van „fabriek” te skrap.

18. Die volgende regulasies word hierby na regulasie 121 ingevoeg:

„121A. Niemand wat 'n „draer” is van enige siekte in regulasie 201(1)(a) genoem, of wat aan 'n aansteeklike siekte ly of wat in aanraking gekom het met iemand wat aan 'n aansteeklike siekte ly, maar wat nie daarna deeglik ontsmet is nie, en niemand wat 'n etterende sweer of seer aan sy liggaam het, of wie se liggaam en klere nie skoon is nie, mag 'n vat, bak, maathouer, houder of toestel hanteer wat gebruik of bedoel is om gebruik te word in verband met, of mag op watter wyse ook al, deelneem aan of behulpsaam wees nie by, die verkoop of insameling, vervaardiging, bereiding, neersit, bewaring, vervoer of uitstal vir verkoop van voedsel, of mag toegelaat word om sodanige handeling te verrig nie.

121B. Nieteenstaande enige andersluidende bepalinge in hierdie Hoofstuk, kan die Direkteur na goedgekeurde bepaal dat 'n fabriek wat hy aanwys, vrygestel is van die vereiste dat dit geregistreer moet word.”

19. Regulasies 122, 123 en 124 word hierby deur die volgende opskrif en regulasies vervang:

„AANSTOOTLIKE, GEVAARLIKE OF SKADELIKE BEDRYWE.”

„122. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk van die regulasies tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

„aanstootlike, gevaarlike of skadelike bedryf” chemiese werke, verfwerke, brouery en distilleerwerke, suikermeulens en suikerrafinaderye, mis-, superfosfaat- of kunsmiswerke of persele gebruik vir die berging of vermenging van mis, superfosfaat of kunsmisstowwe; werke of persele vir die berging, droogmaak, verduursaming of ander be-

„Provided that the Director or health officer, as the case may be, may in regard to a tea room, grant exemption from the provision of a kitchen, on such requirements and conditions as he may deem necessary and advisable.”

14. The following regulation is hereby substituted for regulation 72A.

“72A. Notwithstanding anything to the contrary contained in the provisions of these regulations, a dining room shall not be required in respect of —

- (a) a road café or similar restaurant, refreshment or tea room, where foodstuff is served exclusively to the outside through a hatch or over a counter or in a motor vehicle;
- (b) food preparation premises.”

15. Regulation 78 is hereby amended by the addition of the following proviso to subregulation (4):

“Provided that the Director or health officer, as the case may be, may grant exemption from the provisions of this subregulation, should the omission of a ceiling not adversely affect the keeping of foodstuffs in the business.”

16. Regulation 112 is hereby amended by the substitution for paragraph (d) of subregulation 1 of the following paragraph: —

“(d) any portion of any backyard intended to be used for the storage of secondhand goods shall be kept free from rodents.”

17. Regulation 118A is hereby amended by the deletion at the end of the definition of “factory” of the words “if in connection therewith, 5 or more persons are employed.”

18. The following regulations are hereby inserted after regulation 121:

121A “No person who is a “carrier” of any disease referred to in regulation 201 (1) (a) or who is suffering from any contagious disease or has come into contact with any person suffering from a contagious disease, but has not been thoroughly disinfected thereafter, and no person who has on his body any suppurating ulcer or sore, or whose body or clothing is not clean, shall handle or be allowed to handle any container, receptacle, measuring utensil or appliance used or intended to be used in connection with, nor shall he in any manner whatsoever participate or assist in the selling or collecting, manufacturing, preparing, depositing, keeping, transporting or exposing for sale of any food.

121B. Notwithstanding anything to the contrary contained in the provisions of this chapter, the Director may in his discretion determine that a factory indicated by him shall be exempted from the requirement that it is to be registered.”

19. The following heading and regulations are hereby substituted for regulations 122, 123 and 124.

“OFFENSIVE, DANGEROUS OR NOXIOUS TRADES.”

“122 For the purpose of this chapter of these regulations, unless the context otherwise indicates —

“offensive, dangerous or noxious trade means chemical works, paint works, breweries and distilleries, sugar mills and sugar refineries, manure superphosphate or fertilizer works; or premises used for the storing or mixing of manure, superphosphates or fertilizers works or premises for the storing, drying, preserving or other treatment of

handeling van bene, horings of hoewe; persele wat gebruik word vir die berging, sortering of behandeling van huide en velle, anders as in 'n droë en nie-aanstoolike toestand, slagplase, lym- en lymwater-fabrieke, dermskrapery en afvalkookwerke, seep- en kersvervaardigers, vet- en smeervetsmelterye en enige ander dergelyke bedryf waar vleis, bene, bloed, afval of ander dierlike organiese materiaal gehanteer word; wol ontvet of was; kreef- of vis-verwerkingsbedrywe, vispekeling of kreef- en vis-inmaakbedrywe; walvisstasies; persele of bedrywe gebruik vir die opberging of hantering en verwerking van materiaal afkomstig van vis, walvisse en robbe; papiermeulens of papierfabrieke; fabrieke vir wattelbasmaal- en afkookprosesse; verteertoestelle of afbreekkokers; vullisbeskikkingsterreine of ander terreine vir die wegdoen of verwerking van huisvullis, bedryfsafval, straatvullis, riool- of nagvuil; loodsmelterye, olierafinaderye en ander bedrywe in verband met die verwerking van nuwe-produkte van petroleumrafinaderye; verf- en verniswerke; gruisgroewe, asbes-, sement-, steen- en kalkwerke; metallurgiese werke; reduksie- en erts-verwerkingsbedrywe of enige ander werke of bedryf wat die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* as sodanige verklaar.

123. (1) (a) Niemand mag in of op 'n perseel 'n aanstoolike, gevaarlike of skadelike bedryf beoefen nie, tensy hy sodanige perseel vooraf by die plaaslike owerheid laat registreer het vir hierdie doel.

(b) Die plaaslike owerheid reik 'n registrasiesertifikaat aan die applikant uit slegs as sodanige aansoek vergesel gaan van 'n geskikheidssertifikaat uitgereik ooreenkomstig subregulasies (3) tot (6) van hierdie regulasie.

(2) Elke sodanige registrasiesertifikaat word uitgereik en is van krag vanaf die datum van uitreiking tot en met die eersvolgende 31ste dag van Desember wanneer dit vervall. 'n Aansoek om hernuwing van sodanige registrasiesertifikaat moet minstens een maand voor die vervaldatum en ooreenkomstig subregulasie (1) van hierdie regulasie gedoen word.

(3) (a) Die applikant moet om die geskikheidssertifikaat vooraf skriftelik aansoek doen by die Direkteur of gesondheidsbeampte. In sy aansoek moet die applikant 'n beskrywing gee van die perseel asook besonderhede aangaande die ligging daarvan verstrek, afgesien van enige ander inligting wat die Direkteur of gesondheidsbeampte nodig ag om hom in staat te stel om die aansoek te oorweeg.

(b) Die applikant moet self en op eie koste 'n kennisgewing in albei ampstale in minstens 2 koerante wat in die betrokke distrik in omloop is, laat publiseer, waarin die aard van die bedryf aangegee word asook 'n datum minstens 14 dae na publikasie van die kennisgewing waarop besware teen die toestaan van die aansoek by die Direkteur of gesondheidsbeampte, na gelang, ingedien moet word. 'n Kopie van elke koerant met die betrokke kennisgewing daarin moet tesame met die aansoek om 'n geskikheidssertifikaat by die Direkteur of gesondheidsbeampte ingegee word. Met dien verstande dat hierdie vereiste nie van toepassing is op persele wat by die afkondiging van hierdie regulasies reeds bestaan en geregistreer is nie asook ten opsigte van die jaarlikse hernuwing van geskikheidssertifikate.

(4) (a) Die Direkteur of gesondheidsbeampte kan na goeë dunnke ook 'n inspeksie ter plaatse van die perseel waarop die aansoek betrekking het, uitvoer of laat uitvoer, en die applikant moet ten

bones, horns or hoofs, premises used for the storing, sorting or treatment of hides and skins, other than in a dry and inoffensive condition, abattoirs, glue or size factories, entrail scraping and tripe boiling works; soap or candle works fat and dripping works and any other similar works where meat, bones, blood, offal or other animal organic matter is handled, wool scouring or wool washing works, rock/lobster or fish processing works, fish pickling or rock/lobster and fish canning trades, whaling stations, premises or trades used for the storing or handling and processing of material originating from fish, whales and seals, paper/mills or paper factories, wattle-bark grinding or extract factories; destructors, depositing sites or other sites for the disposal or processing of domestic refuse, trade-refuse, street refuse sewage or nightsoil, lead smelting works, oil refineries and other trades in connection with the processing of by-products of petroleum refining; paint and varnish works; quarries, asbestos cement brick and limeworks, metallurgical works, reduction- and ore processing works or any other works or trade which the Administrator may declare as such by notice in the *Official Gazette*.

123 (1) (a) No person shall carry on any offensive dangerous or noxious trade in or on any premises, unless he has had such premises registered in advance with the local authority for this purpose.

(b) The local authority shall issue to the applicant a certificate of registration applied for, only if such application is accompanied by a certificate of fitness issued in accordance with sub-regulations (3) to (6) of this regulation.

(2) Each such certificate of registration shall be issued and shall take effect from the date of issue up to and including the next succeeding 31st day of December, when it shall lapse. An application for renewal of such certificate of registration shall be made not less than one month before the date of expiry and in accordance with subregulation (1) of this regulation.

(3) (a) The applicant shall apply to the Director or health officer in writing, in advance for such certificate of fitness. In his application, the applicant shall furnish a description of the premises as well as particulars of the situation thereof, apart from any other information which the Director or health officer may deem necessary to enable him to consider the application.

(b) The applicant shall at his own expense cause a notice to be published in both official languages in at least two newspapers circulating in the district concerned, indicating the nature of the trade as well as a date, at least fourteen days after the date of publication of the notice on which objections to the granting of such application may be lodged with the Director or health officer as the case may be. A copy of each newspaper with the relevant notice shall accompany the application for a certificate of fitness to the Director or health officer; Provided that this requirement shall not be applicable to premises which at the publication of these regulations are already in existence and registered and also in respect of the annual renewal of certificates of fitness.

(4) (a) The Director or health officer may in his discretion also carry out or cause to be carried out an inspection *in loco* of the premises to which the application relates, and the applicant shall in

aansien van sodanige inspeksie 'n inspeksiegeld van R2,00 en enige kilometergelde verskuldig, aan 'n ontvanger van inkomste of in die geval van 'n stedelike plaaslike owerheid, aan die tesourier, na gelang, betaal.

(b) Sodanige geskiktheidsertifikaat word toegestaan en uitgereik op die uitdruklike voorwaarde dat die konstruksie, instandhouding en gebruik van die geboue, werke en toerusting en die apparaat wat daarin geïnstalleer is, behoorlik in stand gehou word, en dat alle misstande wat gesondheidsgevaare inhou doeltreffend uitgeskakel sal word.

(5) Wanneer 'n aansoek betrekking het op 'n perseel wat vir die onderhawige doel nie reeds by die plaaslike owerheid geregistreer is nie, moet die aansoek vergesel gaan van die volgende in drievoud:

- (i) 'n Liggingsplan van die perseel geteken op 'n skaal van 1 op 500 om die volle grootte van die perseel aan te toon, met alle paaie, geboue en ander bedrywe in die onmiddellike omgewing binne 100 meter van die voorgestelde perseel.
- (ii) 'n Plan met deursnit en aansigte op 'n skaal 1 op 100 van die geboue of voorgestelde geboue en persele wat opgerig gaan word of gebruik gaan word.
- (iii) Besonderhede aangaande die bedryf of besigheid wat uitgevoer gaan word, die onbewerkte materiaal wat gehanteer gaan word, die prosesse wat uitgevoer gaan word en die eindprodukt daarvan.
- (iv) Besonderhede van die werktuie wat geïnstalleer word met inbegrip van die aantal, kapasiteit en tipe of beskrywing van stoom- of drukketels, verwerkings- of verteringsstoestelle, droërs en ander apparate.
- (v) Besonderhede met die nodige verduidelikende tekeninge ten opsigte van die maatreëls wat toegepas gaan word om vloeibare en vaste afvalstowwe van die perseel weg te voer en hindernisse wat mag ontstaan deur dampe, gasse, afvloeisel en vloeistowwe te voorkom en onskadelik uit die weg te ruim.
- (vi) Enige nadere besonderhede, planne of sketse wat die Direkteur of gesondheidsbeampte vereis.
- (vii) Besonderhede soos vereis by regulasie 3(7).

(6) Nadat die applikant dokumentêre bewys gelewer het aan die Direkteur of gesondheidsbeampte dat hy die inspeksiegelde sowel as enige kilometergelde verskuldig, betaal het aan 'n ontvanger van inkomste of in die geval van 'n stedelike plaaslike owerheid aan die tesourier, na gelang, reik die Direkteur of gesondheidsbeampte, nadat hy die ingediende besware in oorweging geneem het, die aangevraagde geskiktheidsertifikaat uit aan die applikant as hy in die lig van die besonderhede tot sy beskikking oortuig is dat die perseel of die bouplan van die voorgestelde perseel voldoen aan al die vereistes wat in regulasie 124 vervat is. 124. (1) Niemand mag in of op 'n perseel 'n aanstootlike, gevaarlike of skadelike bedryf beoefen nie, tensy —

- (a) die vloere daarvan van sementbeton of 'n soort gelyke goedgekeurde materiaal is en glad afgewerk is;
- (b) die vloere daarvan voldoende skuins gemaak en gedreineer is vir die doeltreffende afloop van alle vloeistowwe daarvandaan tot by 'n buitevoortjie wat aan 'n riool aangesluit moet wees, of waar geen riool beskikbaar is nie, by ander goedgekeurde middele vir die onskadelike wegdoen van afvalwater;

respect of such inspection pay to a receiver of revenue or in the case of an urban local authority to the treasurer, as the case may be, an inspection fee of R 2,00 and any kilometre fees due.

(b) Such certificate of fitness shall be granted and issued on the specific condition that the construction, maintenance and use of the buildings, works and plant and equipment therein are properly maintained, and that all danger to health has been effectively eliminated.

(5) Where an application relates to any premises not yet registered with the local authority for the purpose concerned, such application shall be accompanied by the following in triplicate:

- (i) a site plan of the site drawn to a scale of 1 to 500 to indicate the total size of the site with all roads, buildings and other trades in the immediate neighbourhood within 100 metres of the proposed site;
- (ii) a plan with sectional views and elevations to a scale of 1 to 100 of the buildings or proposed buildings and sites to be erected or used,
- (iii) particulars in regard to the trade or business to be conducted, the raw materials to be handled, the processes to be carried out and the final product thereof,
- (iv) particulars of the plant to be installed including the number, capacity and type or description of all steam or pressure boilers, digestors, driers and other equipment,
- (v) particulars with the necessary explanatory sketches in respect of the measures to be adopted to dispose of fluid and solid waste from the site, and to prevent and remove without danger nuisances that may originate from vapours, gases, effluvia and fluids;
- (vi) any further particulars, plans or sketches which the Director or health officer may require;
- (vii) particulars as required by regulation 3(7).

(6) After the applicant has furnished the Director or health officer with documentary proof that he has paid the inspection fees as well as any kilometre fees due to a receiver of revenue or in the case of an urban local authority to the treasurer, as the case may be, the Director or health officer shall after having considered the objections lodged, issue to the applicant the certificate of fitness applied for if in the light of the information at his disposal he is convinced that the site or the building plan of the proposed site complies with all the requirements contained in regulation 124.

124 (1) No person shall carry on in or upon any premises an offensive dangerous or noxious trade unless —

- (a) the floors thereof are of cement, concrete or similar approved material brought to a smooth finish;
- (b) the floors thereof are sufficiently graded and drained for the effective run-off of all liquids therefrom to an outside gully which shall be connected to a sewer, or, where no sewer is available, by other approved means for the innocuous disposal of waste water;

- (c) die binnemure geskik afgewerk is;
- (d) die agterplaasoppervlakte uitgelê word soos goedgekeur;
- (e) die perseel voldoende verlig en belug is;
- (f) 'n behoorlike, voldoende en skoon watervoorraad verskaf word;
- (g) 'n voldoende aantal (met inagneming van die grootte en aard van die bedryf) draagbare vate of bakke verskaf word, elk waarvan behoorlik vervaardig is van goedgekeurde nieabsorberende materiaal en toegerus is met deksels wat goed pas, vir die doel om vullis of afval van enige aard van die perseel af weg te voer;
- (h) (i) middele verskaf word vir die behoorlike en onskadelike wegdoen van alle afvalvloeistowwe wat ontstaan uit die proses of vervaardiging wat op die perseel uitgevoer word en
(ii) 'n goedgekeurde dreineringsstelsel voorsien word;
- (i) geskikte ruimte verskaf word vir die berging van alle onbewerkte materiaal, verwerkte produkte of artikels of materiale wat in die vervaardigingsproses gebruik word en wat waarskynlik aanstootlike of nadelige uitvloeiels of vloeistowwe sal afgee of in die loop van die werk of bedryf sal ontbind, op so 'n wyse dat geen oorlas of gevaar vir die gesondheid daardeur kan ontstaan nie;
- (j) die werkgewer ten genoeë van die Direkteur of gesondheidsbeampte doeltreffende middele voorsien vir die onskadelike verwydering van, en die beskerming van die werknemers teen enige stof, dampe, donsies, rook of aanstootlike of giftige gasse waar werknemers werk verrig waarby sodanige stof, dampe, donsies, rook of aanstootlike of giftige gasse afgegee of waarskynlik afgegee kan word;
- (k) die perseel waar vereis deur die Direkteur of gesondheidsbeampte, na gelang, voorsien is van 'n skoorsteen van geskikte hoogte en konstruksie;
- (l) doeltreffende middele verskaf word om die ontlasting in die buitlug te keer van alle skadelike, nadelige of aanstootlike gasse, uitwasinge, dampe of stof wat voortgebring word gedurende enige proses van hantering, bereiding, droogmaak, smelt, uitbraai, kook, maal of berging van sodanige materiaal;
- (m) afsonderlike goedgekeurde sanitêre geriewe verskaf word vir die verskillende geslagte en vir blankes en nie-blankes, soos vereis by regulasie 13.

(2) Enigiemand wat 'n aanstootlike, skadelike of gevaarlike bedryf beoefen, moet waar van toepassing toesien dat alle vloeibare afvalstowwe afkomstig van enige deel van die perseel afgekoel word en andersins aan die standaard soos neergelê deur die plaaslike owerheid, beantwoord alvorens dit in enige bak of riool gestort word.

(3) Sodanige afkoeling moet op so 'n wyse uitgevoer word dat geen skadelike of nadelige uitvloeiels gedurende sodanige proses daaruit ontstaan nie.

124A. Enigiemand wat 'n aanstootlike, gevaarlike of skadelike bedryf beoefen moet toesien dat alle nywerheidsafloopwater afkomstig van sodanige perseel, en alvorens sodanige afloopwater vanaf sodanige perseel weggevoer word, beantwoord aan die vereistes en standaard wat deur die Waterwet 1956 (Wet 54 van 1956) soos toegepas op die Gebied by Proklamasie 151 van 1971, daarvoor neergelê is.

124B. Elke vellehandelaar, leerbreier of -looier moet

- (c) the inside walls are brought to a proper finish;
- (d) the surface of the backyard is laid out as approved;
- (e) the site is adequately lighted and ventilated;
- (f) a proper, sufficient and clean supply of water is provided;
- (g) a sufficient number (having regard to the size and nature of the trade) of portable vessels or receptacles is provided, each properly constructed of approved non-absorbent material and furnished with closely fitting covers, for the purpose of conveying from the site filth or refuse of any kind;
- (h) (i) means are provided for the proper and innocuous disposal of all liquid wastes resulting from the process or manufacture carried on on the premises,
(ii) an approved drainage system is provided;
- (i) suitable accommodation is provided for the storage of all raw material, finished products or articles or materials used in the process of manufacture and likely to discharge offensive or injurious effluvia or liquids or become decomposed in the course of the work or trade in such a manner as to prevent any nuisance or danger to health arising therefrom;
- (j) where employees are employed in work where dust fumes, fluff, smoke or offensive or poisonous gases arise or are likely to arise, adequate facilities to the satisfaction of the Director or health officer are provided by the employer for the harmless removal thereof and for the protection of the employees;
- (k) the premises are provided with a chimney of suitable height and construction where so required by the Director or health officer;
- (l) efficient means are provided to prevent the discharge into the external air of all noxious, injurious or offensive gases, vapours, fumes or dust emitted during any process of handling, preparing, drying, smelting, rendering, boiling, grinding or storing of such material;
- (m) separate approved lavatories are provided for different sexes and for whites and non-whites, as required by regulation 13.

(2) Every person who carries on an offensive, noxious or dangerous trade shall, where applicable cause all liquid waste originating from any part of the premises to be cooled and otherwise comply with the standards as laid down by the local authority before its discharge into any receptacle or drain.

(3) Such cooling shall be carried out in such a manner that no noxious and injurious effluvia originate therefrom during such process.

124A Any person who carries on an offensive, dangerous or noxious trade shall ensure that all industrial effluent water, originating from such premises, and before such water is led away from such premises, the requirements and standards as laid down therefor by the Water Act 1956 (Act 54 of 1956) as applied to the Territory by Proclamation 151 of 1971 are complied with.

124B Every fellmonger, leather dresser or tanner

toesien dat —

